

22 November

1 Petrus 1:13-25

(Teks: 17 + Eksodus 3:1-15)

Leef heilig en in eerbied vir die Here

Ons het voorheen gehoor dat ons heilig moet lewe omdat ons God se kinders is en Hy vir ons sondes betaal het.

In vers 17 hoor ons dat ons in eerbied vir Hom moet lewe. In die 1953-vertaling staan daar: "Wandel in vrees in die tyd van julle vreemdelingskap." Hierdie vrees beteken nie om "bang" te wees nie. Hierdie vrees beteken wel om in eerbied vir die Here te lewe.

Dan lewe ons elke dag met die wete dat God teenwoordig is in ons lewens. Sy oë is elke oomblik van die dag op my. Maar nie net God se oë is op my nie. Ook die ongelowiges se oë is op my. Hulle sien alles wat ek doen. En hulle weeg my lewe en alles wat ek sê en doen.

As gelowige behoort my lewe hulle jaloers te maak. Jaloers omdat hulle nie vir God ken nie. Omdat hulle nie kan verstaan hoe 'n gelowige in die moeilikste omstandighede steeds aan die Here kan bly vasklou nie.

Aan die ander kant, kan hulle vir my in die mou lag terwyl hulle dink: Jy wat beweer dat jy 'n Christen is - jy is dit maar net in naam. Jy verskil nie regtig van ons nie.

As ongelowiges só van my dink, onteer ek God se Naam deur my optrede. Dan lewe ek nie in eerbied vir die Here nie.

Heilig lewe. Met eerbied en respek vir die Here lewe. Met diepe ontsag vir sy heiligheid lewe. Uit liefde vir Hom lewe, terwyl ons onthou: "Die liefde vir God bestaan dan daarin dat ons sy geboorte gehoorsaam" (1 Johannes 5:3).

Sing Psalm 48:1

Ds. J.H. Howell (Brakpan-Suid)